21 Augustus 1 Petrus 2:4-10

Wat 'n lewende kerk doen

In 'n tempel hoort priesters en offers. Die gelowiges is nie alleen stene nie, maar ook priesters wat offers bring vir God (vers 5).

Wat behels hierdie offers? Ons kan vers 9 as 'n kommentaar op vers 5 beskou: Ons is geroep as priesters "om te verkondig die deugde van Hom" wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderlike lig. Daarin word die Here bo alles verheerlik – wanneer ons mense vertel van die Verlosser.

Ons lewe as gelowiges is 'n prediking tot ander. Dit geld nie alleen ons woorde nie Ons preek ook in ons dade. In Romeine 12 sê Paulus: Stel julle liggame as 'n lewende offer. In die vervolg spel hy ook uit wat hy daarmee bedoel: Ons offer ons liggame as lewende offers vir die Here wanneer ons lief is vir mekaar, wanneer ons as kerk ons eenheid uitleef. In ons optrede word die vrug van Christus se verlossingswerk gesien en so word sy deugde verkondig.

Hoe kan ons dus priesters wees? "Deur Jesus Christus". Jesus is vir Petrus alles. Hy maak ons lewende stene. Deur Hom is ons ook priesters wat geestelike offers bring wat aan God welgevallig is.

Ons dankoffer is gewortel in die kruisoffer van Golgota. Daarmee word bedoel: Omdat ons verlos is, kan ons ook dankbaarheidswerke voortbring. Die volmaakte offer van die kruis reinig ook ons onvolmaakte dankoffer. Daarom, "deur Jesus Christus", is ons offer God welgevallig.

Sing: Skrifberyming 8:2 Dr. A.H. Bogaards (Daniëlskuil/Delportshoop)